

Reviews from previous hikers on Antjie se Pad

Hennie Zietsman:

“Antjie is n lekker stap wat middelmatige fiksheid vereis en afstande per dag is gemaklik. Die stap oppervlak is goed so ook die merkers en oornag hut. Daar is veskeidenheid veld tipes asook fynbos wat dit interessant maak saam met baie vêr uitsigte oor die landskap.”

“Dankie Herman vir n fantastiese ervaring. Baie goed gemerkte veilige 35km roete. Groot bonus is die watertenkies met koue water langs die roete, en daai lekker warm stort. Roete vat jou deur verskillende bioversitiete van fynbos. Dag een baie proteas en dag 2 waboom, broodbome en die baviaans seder. Dag 1 was vir my moeilik want ek "was " nie fiks genoeg nie. My voorstel is slaap oor dag voor jy begin stap sodat jy vroeg kan begin dit was nogal warm met al die opdraandes. My klub se gradering sal strengheous wees, maar 1 hike wat jy moet doen. Sterkte Herman en mag ons nog lank goeie goed van Antjie hoor.”

Saproete naam: Antjie se Pad

Datum: 19, 20 en 21 April 2019

Kilometers gestap: 3 Dae, 35km.

Skrywer; Danita Ferreira

Mede stappers, Des Bradley, Kitty Weber, Tony Hill, Belinda en Heinrich Blumenthal, Eugene Stander en Kelvin Smallwood.

“Groep ontmoet mekaar by Mentors Plaza op Jeffreysbaai en vertrek na Antjie se Pas wat gelee is op die R62. Die leier sit toe so en gesels dat sy die groep verby die afdraaibord, Onverwagslaagte, laat ry en eers toe by Assegaai besef hier is n klein foutjie. Hierdie klein foutjie het veroorsaak dat ons n uur later as wat beplan is sou begin stap.

By die Witteklip konferensie sentrum ontmoet Herman Stoffberg ons waar hy ons deeglik inlig oor al die moets en moenies en waarvoor ons langs die roete op die uitkyk moet wees. Hierdie roete is uitgele in n figuur agt en jy slaap 2 nagte in dieselfde hut, jy stap net verskillende roetes. Ons het die "slackpack" opsie gebruik waar Herman ons sakke sou aanry.

Dag 1, 12,5km

Ons vertrek op die hitte van die dag 10h30 maar in baie goeie gees. Stap deur pragtige Protea bosse en toe begin daai skelm klim. Die roete begin deur die Wildskamp maar ons het slegs n duikertjie gesien. Die opdraande is steil en op n jeeprack met baie los klippe, sodra jy om n draai gaan dan sien jy daar le maar net

nog en steil opdraand en wag. Broekskuur was vir my persoonlik baie erg want dit is amper loodreg op met baie moeilike los terrein. Wat egter dit meer verdraagsaam gemaak het was die pragtige uitsigte bo-op Blouberg van Patensie en ook die Hannekamberg wat heeltemal anders lyk as wat ons dit ken, lyk meer soos ou man se gesig wat op sy rug lê. 'n Groot bonus langs die roete is die gereelde klein watertenkies met heerlike ys koue water want, jy stap absoluut in die oopte met geen skuiling teen die son. Na nog 'n lekker opdraand vat ons toe 'n steil afdraand tot by ons oornag hut by Slagkamer. Lekker eenvoudige toegeruste sinkhut met 8 stapelbeddens, oop kombuis met opwasbak en water. Spoeltoilet en 'n baie lekker bosstort met warm water afkomstig uit gasverwarmer. Lekker lapa met bankies waar ons om die kampvuur lekker kon stories vertel. Die stilte wat mens by die hut ervaar is siels verkwikkend en jy kan staar na die pragtige volmaan met die melkweg en al sy sterre in oorgawe. Dag 1 klim van 464m tot 810m .

Dag 2, 12km

Ons vertrek lekker vroeg 08h15 met so lekker bytjie in die lug, en natuurlik met 'n opdraand.

Stap deur pragtige groot aalwyne en troppe skape. Na Aalwyn se Rug daal ons af in Graslaagte. Ons stop vir 'n tee breek en besoek 'n Koi San grot waar die Baviaans Seder ook groei. Hierdie Seder groei slegs in die Baviaans. Hier draf toe 2 Trailrunners verby ons en se hulle beplan om die hele 35km in 5 ure te doen. Op hierdie gedeelte is baie mooi groot

Wabome asook baie ou Broodbome. En maar weer opwaarts teen die bult uit, daar is wel 'n "hysbak" maar die werk toe nie. Bo -op die hoogste piek, wat net Tony en Eugene geklim het, is daar 'n mooi 360 grade uitsig oor die hele vallei. Na 'n welverdiende middag stop op Agterberg, wat ons die pad afdraend terug hut toe, verby Skinny dip dam maar ons was nie lus om saam met 'n spul beeste te swem nie. Hierdie dag is die opdraande meer geleidelik met meer gelyktes tussen in. Terug by die hut na 'n lekker warm stort kuier ons groep weer heerlik onder die sterreprag en gaan vroeg bed toe. Dag 2 klim van 579m tot 910m.

Dag 3, 10km

Na 'n lekker ontbyt pak ons ons sakke vir Herman om te kom oplaai en maak die hut skoon.

Begin natuurlik met 'n lekker opdrandjie. Vandag was die opdraandes baie minder en die afdraendes minder los klippe wat dit 'n meer aangename laaste dag gemaak het. So 'n uur voor ons moes klaar stap het ons gesien hoe skuif die reen nader oor die berge en ons kon net betyds klaar stap met 'n ligte misreentjie wat nogal verfrissend was na 3 dae se stap in die hitte. Na 'n kort peuseltjie en geselsie met Herman oor aanbevelings ivm die roete vertrek ons almal verfris en fiks in die heerlike reen. Volgens Voetsac gradering sal ons hierdie opsit as "strengous". Slaap verkieslik die vorige aand."

Sanlam stap en toerklub

"Wow! Wat 'n wonderlike, moeilike en veilige staproete. Agt van ons vertrek die Saterdagoggend met twee voertuie na die plaas Witteklip in die Kareedouw-omgewing. 'n Paar kilometer Oos van Kareedouw draai ons links op die swak Suuranys grondpad. Dit sou later blyk dat dit beter is om nog 7km verder te ry en dan die Onverwagslaagtepad te neem aangesien dit 'n baie beter grondpad van ongeveer dieselfde afstand is.

Om 16:15 ontmoet ons vir Herman Stoffberg by die Witteklip plaashek. Hy begelei ons na die opgeknapte skoolgeboutjie, Toe-val-lig. Daar is agt slaapplekke, 'n toegeruste kombuis en 'n badkamer met warmwater stort. Ons braai die aand gesellig. Aangesien ons die slenterstapopsie gekies het is Herman die volgende oggend om 07:00 met sy bakkie gereed om ons bagasie, wat koelhouers insluit, na die hut in die berge, die Slagkamer, te vervoer. Ons val kort daarna in die pad. Dit is 'n "jeep track" wat vir die eerste 3km in 'n vallei langs loop tot waar ons die eerste van verskeie goed geplaaste watertenks teëkom aan die voet van ons eerste opdraand. Dit is 'n rustige klim en ons stop vir teetyd by die 6km merk onder 'n Wattle-boom waar daar ook 'n watertenk is. vandaar af begin die opdraande meer uitdagend raak, veral so 'n kilometer verder toe ons by Broekskeur kom. Dit is 'n kort maar steil opdraand met losklippe wat selfs vir 'n 4x4 moeilik is. Daarna ervaar ons 'n lang steil opdraand. Die hitte tap ons energie en dit gaan moeilik totdat ons uiteindelik om 11:00 bo kom waar ons weer onder Wattle-bome skuil. Daarna is dit meesal afdraand met geniepsige opdraandjies tussenin. Ná 12,9km bereik ons die Slagkamer om 12:15. Ons bagasie is alles reeds hier.

Weereens is die fasiliteite uitstekend. Die hut kan 8 mense slaap. Daar is 'n buite kookarea, buitespoeltoilet, 'n stort met warmwatergeyser langs die rivier en 'n heerlike braaiarea. Hier is nie beligting nie en ook geen kookgeriewe soos by Toe-Val-Lig nie. Die enigste klagte wat gehoor is, was dat daar nie kouewater in die stort was nie! Dit was omdat die pyp vir honderde meters in die son lê. As jy laaste gaan stort was jy dalk gelukkig om koue water ook te kry. Herman het weer 'n draai gemaak om te verseker dat ons gelukkig is. Daar word gebraai vir middagete en weer later vir aandete! Ons vertrek die volgende oggend om 07:00. Ná 1km kry ons 'n lekker steil klim van so 2km. Soos elders op die roete is daar selfoon ontvangs sodra mens op die hoogtes kom en daar word gou 'n paar boodskappies huistoe gestuur. Daarna sak ons af in 'n vallei. Ons kry na 4km 'n watertenk en die bordjie wat wys na Boesmansgrot. 6 van die groep klouter af na die grot en terug. Op 5km begin ons 'n meneer van 'n klim wat 320m styg oor 2.5km en die hitte maak dit nog moeiliker. Ons rus so 200m van die kruin af onder 'n klein boompie. Heelbo kry ons weer 'n watertenk en vandaar sak ons af tot by die dam wat ons om 11:50 bereik. Ons rus heerlik onder die bome vir 45min.

Vandaar stap ons oor die nek en 2km in die vallei langs terug na ons hut wat ons om 13:30 na 12,3km bereik. Daar word gestort, gerus, geëet en selfs geslaap. Later braai ons en gesels om die vuur. Ons kom om 21:00 in die bed. Die volgende oggend kom Herman en Bungi om 7:30 aan om ons goed te kry nét toe ons gereed maak vir die laaste dag se stap. Ons begin somer met 'n lekker opdraand. Op 'n stadium draai ons links ipv regs en stap amper terug hut toe voor ons die pad herken as twee dae gelede s'n. Die res van die pad bestaan uit erge opdraande en meer afdraande maar ons kom almal ongeskonde ná 9,5km om 11:30 by die basishut aan.

Herman en Swart du Plessis, eienaar van die plaas, kom maak 'n draai om te gesels. Herman bring vir ons bottels gevriesde water. Steph besluit om 15:00 om Humansdorp toe te ry om verversings te gaan koop en somer 'n draai by sy dogter te maak. Abrie ry saam met hom. Hulle koop drank en koeldrank en is om 17:30 terug op die plaas. Ons nooi vir Herman om saam met ons te braai en ons kuier baie gesellig. Ons is almal vóór 22:00 in die bed. Die volgende oggend vertrek ons om 07:00 terug huistoe en stop by Joubertina vir ontbyt en Barrydale vir middagete. In die Strand neem ons afskeid van mekaar voor Abrie-hulle Tygeberg toe aanry. Hierdie stap kan weer op die program geplaas word. Meimaand sal dalk beter wees wat die weer betref. Herman kan geloof word vir sy entoesiasme en ywer oor die roete."